

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za





This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

2026

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)

REKENINGKUNDE V1

TYD: 2 UUR



PUNTE: 150

C2711A

X05



10 bladsye + 'n formuleblad en 9 bladsyestwoordboek

SA EXAM PAPERS

Proudly South African



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Finansiële Aanwyser Formuleblad is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Syfers word NIE verlang in die grys geskakeerde areas NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Maatskappy Finansiële State	50	40
2	Kontantvloeiastaat en Finansiële Aanwysers	46	37
3	Vertolking van Finansiële State	34	27
4	Korporatiewe bestuur en Ouditverslae	20	16
TOTAAL		150	120



SA EXAM PAPERS

Proudly South African


VRAAG 1: MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE
(50 punte; 40 minute)
SEKWATI BEPERK

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig op 28 Februarie 2026.

GEVRA:

1.1 Stel die Staat van Omvattende Inkomste op vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2026. (34)

1.2 Stel die EKWITEIT EN LASTE deel van die Staat van Finansiële Posisie op soos op 28 Februarie 2026. Toon bewerkings in hakies. (16)

LET WEL: Sommige bedrae is op die ANTWOORDBOEK voorsien.

INLIGTING:
A. Saldo's en/of totale wat in die boeke verskyn op:

	28 Feb. 2026 (R)	28 Feb. 2025 (R)
Toerusting	270 000	?
Opgehoopde waardevermindering op toerusting	?	162 000
Gewone aandeelkapitaal	2 100 000	
Behoue inkomste	797 000	
Lening: Link Bank (10% p.j.)	423 200	?
Handelsvoorraad	189 450	
Voorsiening vir oninbare skuld	?	5 820
SAID: Inkomstebelasting (voorlopige belasting)	277 785	
Krediteurekontrole	234 500	
Opgelope uitgawe (Direkteursfooie)	160 000	
Oortrokke bank	?	
Aandeelhouers vir dividende	211 600	235 200
Verkope	?	4 800 000
Koste van verkope	3 750 000	
Salarisse en lone	202 706	
Kommissie inkomste	420 000	
Ouditfooie	121 700	
Waardevermindering (op voertuie)	19 150	
Huurinkomste	154 950	
Korting ontvang	32 700	
Direkteursfooie	?	
Versekering	31 400	
Rente inkomste	?	
Gewone aandeel dividende	187 000	



**B. Die volgende aansuiwerings moet nog in berekening gebring word:**

- Die besigheid het op 1 Maart 2025 twee bemarkingsagente aangestel wat 'n kommissie van 7% op verkope sal verdien.
- Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2026 het R160 050 se voorraad voorhande getoon.
- Die bankstaat ontvang vanaf Link Bank op 28 Februarie 2026 het die volgende getoon:

Kredietkaartheffings van R550

EFO betaling aan krediteur, R7 200 (Dit was 90% van die bedrag om die uitstaande bedrag te vereffen.)

- Op 31 Oktober 2025 is nuwe toerusting met 'n kosprys van R90 000 aangekoop. Dit is behoorlik geboekstaaf. Waardevermindering op toerusting word bereken teen 15% p.j. op die kosprysmetode.
- 'n Addisionele versekeringspolis is op 1 November 2025 uitgeneem om die nuwe toerusting aangekoop te dek. Die premies van die nuwe polis is betaal tot 31 Maart 2026, R8 250. Die boekhouer het alle betalings tot datum geboekstaaf.
- Huur is vir die afgelope twee jaar vasgestel. Op 1 Junie 2025 is 'n deposito van R4 950 ontvang met die okkupasie van 'n tweede kantoor teen dieselfde tarief. Huur vir Maart en April 2026 vir beide kantore is ontvang.

LET WEL: Die deposito is ingesluit in die huur inkomste.

- Die maatskappy het een direkteur aan die begin van die jaar gehad. Hy is betaal tot 31 Desember 2025. 'n Nuwe direkteur wat aangestel is op 1 November 2025 se totale direkteursfooie van R260 000 is aan hom betaal.

LET WEL: Die twee direkteure verdien nie dieselfde maandelikse direkteursfooie nie.

C. Die voorsiening vir oninbare skuld moet verhoog met R860.**D. Lening: Link Bank**

- Gekapitaliseerde rente beloop R5 400 per maand. Rente is nog nie geboekstaaf nie.
- Die kapitale terugbetaling van die lening vir die finansiële jaar beloop R104 400. Dit sal dieselfde bly tot die lening ten volle terugbetaal is.

E. Nadat die finale belasting vir die jaar bereken is, was daar 'n terugbetaling van R36 600 aan die besigheid deur SAID verskuldig.**F. Die dividenduitbetalingskoers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2026 is 40% nadat alle transaksies korrek geboekstaaf is.****G. Die bedryfsbates het R1 305 000 beloop nadat die bogenoemde in ag geneem is. Die bedryfsverhouding is bereken as 1,6 : 1.**

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS****(46 punte; 37 minute)**

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Big Show Beperk, 'n publieke maatskappy, vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2026.

GEVRA:

- 2.1 Stel die Behoue-inkomstenota op 31 Maart 2026 op. (10)
- 2.2 Bereken die volgende bedrae vir die Kontantvloeistaat:
- 2.2.1 Belasting betaal (4)
- 2.2.2 Bedryfswins voor verandering in bedryfskapitaal (5)
- 2.3 Voltooi die volgende afdelings in die Kontantvloeistaat:
- 2.3.1 Beleggingsaktiwiteite (9)
- 2.3.2 Finansieringsaktiwiteite (4)
- 2.4 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig 31 Maart 2026:
- 2.4.1 % bedryfswins op verkope (2)
- 2.4.2 Vuurproefverhouding (4)
- 2.4.3 Solvensieverhouding (4)
- 2.5 Die direkteure het besluit om 'n groot terugbetaling op die verbandlening te maak. Noem TWEE bronne van fondse waarmee die terugbetaling gefinansier kan word. Haal syfers aan. (4)

INLIGTING:**A. Aandeel en dividende:**

DATUM	AANDELE EN DIVIDENDE
• 1 April 2025	1 600 000 aandeel reeds uitgereik.
• 30 Junie 2025	12% van die uitgereikte gewone aandeel is teruggekoop van 'n ontevrede aandeelhouer. Totale bedrag spandeer, R1 584 000.
• 30 September 2025	Interim dividende betaal, R563 200.
• 31 Maart 2026	Finale dividende is verklaar aan alle aandeelhouers in die aandeleregister.

**SA EXAM PAPERS**

Proudly South African



B. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2026:

	R
Verkope	8 100 000
Koste van verkope	5 000 000
Waardevermindering	85 000
Bedryfswins	2 824 000
Rente op vaste deposito	78 000
Rente op lening	102 000
Inkomstebelasting	840 000
Netto wins na belasting	1 960 000

C. Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie op 31 Maart:

(i)

	2026	2025
Gewone aandelekapitaal		12 640 000
Behoue inkomste	2 809 800	1 691 400
Bedryfsbates	3 400 000	5 522 400
Bedryfslaste	1 188 950	
Vaste deposito: Ezzy Equity	0	?
Vaste bates teen drawaarde	12 946 950	12 116 950
Totale laste	2 413 950	4 282 950
Verbandlening	1 225 000	2 300 000

(ii)

	2026	2025
Voorraad	1 100 000	1 400 000
Handels- en ander ontvangbares	1 750 000	2 282 400
Handels- en ander betaalbares	1 188 950	1 912 950
SAID (Inkomstebelasting)	50 000 Dt	70 000 Kt
Bank/Oortrokke		

D. Finansiële aanwysers

	2026	2025
Verdienste per aandeel	80 sent	61 sent
Dividende per aandeel	55 sent	67 sent

E. Vaste bates

Die gebou is verkoop teen drawaarde gedurende die finansiële jaar, R995 000.
Toerusting is gedurende die finansiële jaar aangekoop.

F. Finansiële bates

Vaste deposito verval op 31 Maart 2026. Rentekoers op vaste deposito is 8% p.j.
Die maatskappy het slegs een vaste deposito gehad.

**VRAAG 3: VERTOLKING VAN FINANSIËLE STATE****(34 punte; 27 minute)**

- 3.1 Kies die gepaste term uit die lys hieronder voorsien wat die volgende frase beskryf. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Opbrengs op aandeelhouersekewiteit; likiditeit; solvensie;
Opbrengs op kapitaal aangewend; winsgewendheid; netto batewaarde

- 3.1.1 Dit dui aan of langtermyn lenings die maatskappy bevoordeel.
- 3.1.2 Die besigheid se vermoë om korttermynskuld in die volgende finansiële jaar af te betaal
- 3.1.3 Die voordeel wat aandeelhouders ontvang vir hul belegging in 'n maatskappy (3 x 1) (3)

3.2 COCOMEL BPK

Jy word voorsien van inligting rakende Cocomel Bpk, 'n publieke maatskappy, vir die finansiële jaar geëindig 30 April 2026.

GEVRA:

LET WEL: Voorsien syfers, neigings, finansiële aanwysers of berekeninge in ELKE geval om jou kommentaar en verduideliking te ondersteun.

3.2.1 Winsgewendheid:

Haal aan en verduidelik TWEE finansiële aanwysers wat toon dat die maatskappy NIE sy uitgawes effektief bestuur NIE. (4)

3.2.2 Likiditeit:

Sommige aandeelhouders is tevrede met die beheer van die bedryfskapitaal van die maatskappy. Haal DRIE finansiële aanwysers aan, met syfers, om dit te ondersteun. (6)

3.2.3 Dividende, Opbrengste en Verdienste:

- Lewer kommentaar op die dividend-uitbetalingsbeleid. Voorsien EEN punt met syfers. (3)
- 'n Aandeelhouer wil sy aandele verkoop om in 'n 5-jaar-vaste deposito by sy bank te belê. Verduidelik of dit 'n wyse besluit is. (3)

3.2.4 Risiko en hefboom:

Voorsien advies aan die raad van direkteure of hulle meer aandele moet uitreik of 'n addisionele langtermynlening moet aangaan om die maatskappy se bedrywighede te befonds. Haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan. (6)



Proudly South African



3.2.5 Aandelekapitaal en % aandeelhouding: Verwys na Inligting B en C.

Die HUB, Judy Cranek, besit huidiglik 46% van die uitgereikte aandele na die terugkoop van aandele op 30 September 2025. Die raad van direkteure het besluit om al die onuitgereikte aandele in Maart 2026 uit te reik.

- Bereken die minimum aantal aandele wat Judy in Maart 2026 moet koop om beheer oor die maatskappy te kry. (5)
- Judy wil die addisionele aandele teen R8,50 koop. Gee TWEE redes waarom jy haar NIE sal ondersteun NIE. (4)

INLIGTING:

A. Finansiële aanwysers bereken op 30 April:

	2026	2025
% bedryfsuitgawes op verkope	22,8%	20,5%
% bedryfswins op verkope	17,2%	19,8%
% winsopslag	60%	60%
% netto wins op verkope	20,9%	20,8%
Bedryfsverhouding	2,3 : 1	1,6 : 1
Debiteure-invorderingsperiode	35 dae	30 dae
Krediteure-betalingsperiode	55 dae	60 dae
Voorraadhouingstydperk	60 dae	102 dae
Voorraadomsetsnelheid	8 keer	5 keer
Verdienste per aandeel	158 sent	130 sent
Dividend per aandeel	169 sent	90 sent
Dividenduitbetalingskoers	107%	69%
Netto batewaarde per aandeel	1 050 sent	950 sent
Skuld-ekwiteitsverhouding	2,5 : 1	0,8 : 1
% opbrengs opgemiddelde kapitaal aangewend	10,2%	12,7%
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekuiteit	20,9%	18%

B. Addisionele inligting op 30 April:

	2026	2025
Markprys van aandele op aandelebeurs	1 590 sent	1 340 sent
Rente op lening	13%	13%
Rente op alternatiewe beleggings	11%	9%

C. Uitreik en terugkoop van aandele:

	AANTAL AANDELE
Gemagtigde aandele	?
Aantal aandele reeds uitgereik op 1 Mei 2025 (70% van gemagtigde aandele)	2 100 000
Aantal aandele teruggekoop op 30 September 2025	310 000
Aantal aandele reeds uitgereik op 30 April 2026	?

VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR EN OUDITVERSLAG**(20 punte; 16 minute)**

- 4.1 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die konsep in KOLOM A pas. Skryf die korrekte letter (A – D) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
4.1.1 Nominasiekomitee	A Kenners wat leiding en aanbevelings aan 'n organisasie of beheerliggaam verskaf
4.1.2 Ouditkomitee	B Verantwoordelik vir die identifisering en aanbeveling van geskikte kandidate vir die direksie en sleutel uitvoerende posisies
4.1.3 Advieskomitee	C Hulle dien op die Raad van Direkteure maar werk nie vir die maatskappy nie D Hou toesig oor die maatskappy se finansiële verslagdoening, interne kontroles en eksterne auditproses

(3 x 1) (3)

4.2 KORPORATIEWE BESTUUR

Lees die uittreksel noukeurig en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik jou algemene kennis van maatskappye en korporatiewe bestuur om jou antwoorde te ondersteun indien nodig.

Jelle Logistics, 'n mediumgrootte maatskappy wat spesialiseer in die versending van verskepingshouers en die berging van verskeie roerende bates, ondervind probleme met hul vastebate-bestuur. Daar is geen gestandaardiseerde prosedures vir die rekordhouding van vaste bates (aangekoop en gehuur) nie en personeel volg nie die gevestigde protokol konsekwent nie. Die maatskappy oorweeg dit om addisionele aandele uit te reik om fondse te bekom om 'n addisionele stoorseenheid te bou.

- 4.2.1 Watter dokument word deur 'n publieke maatskappy gebruik om nuwe aandele aan die publiek te bied? (1)
- 4.2.2 Hoe kan Jelle Logistics sy vastebatebestuurstelsel verbeter? Verskaf TWEE punte. (4)
- 4.2.3 Wat is die rol van die raad van direkteure/direksie in korporatiewe bestuur? Verskaf TWEE punte. (4)

**SA EXAM PAPERS**

Proudly South African



4.3 OUDITVERSLAG

'n Uittreksel van die ouditverslag van Katty Beperk word hieronder voorsien.

GEVRA:

- 4.3.1 Waarom is dit volgens die Maatskappyewet 'n vereiste dat publieke maatskappye deur 'n onafhanklike ouditeur geoudit moet word? Verskaf TWEE punte. (4)
- 4.3.2 Wat is die belangrikheid van die verwysing na GR (SA)? (2)
- 4.3.3 Watter aksie sal Dossy & Vuyi Associates moet uitvoer om die donasies en advertensiesyfers in die finansiële state te verifieer? Verskaf EEN punt. (2)

Basis vir ons mening

'n Donasie van R900 000 en advertensie uitgawes van R288 000 kon nie geverifieer word nie, aangesien die relevante dokumentasie weg is.

Ouditmening

As gevolg van die belangrikheid van die saak, kon ons nie voldoende ouditbewyse bekom as basis vir ons opinie nie. Gevolglik spreek ons nie 'n mening oor die finansiële state van Katty Beperk uit nie.

Dossy & Vuyi Associates, CA (SA)

20

TOTAAL: 150



GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekwhiteit
(Handels & ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekwhiteit} + \text{Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekwhiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividend}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL:	
* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal aandele is, word die geweegegemiddelde-aantal aandele in die praktyk gebruik.	

